

PREEK  
28 Oktober 2017

Teks: Hebr 11:5-6

Tema: God, my stap-maat!

Vyf honderd jaar gelede het die Reformasie die vier hoekpenne van ons geloofsbelydenis ingekap. In die lig van sy Skrifstudie, veral uit die brief aan die Romeine, het Luither in protes teen die heersende teologie in die Rooms Katolieke kerk die volgende solas geformuleer.

*Sola Scriptura:* slegs die Bybel het onfeilbare gesag aangaande God Drie Enig en Sy Verlossingsplan

*Sola Christus:* Christus se kruisverdienste is genoegsaam vir ons verlossing

*Sola Gratia:* ons word uit genade gereel en nie deur verdienste nie.

*Sola fidei:* ons ontvang dié redding deur geloof in Jesus Christus. Geloof is die leë hand waarmee ek Christus se kruisverdienste in ontvangs neem.

Bykans 2 000 jaar gelede verduidelik die Hebreërskrywer aan gelowiges wat geloof is. Hy doen dit aan die hand van verhale. Elkeen van dié verhale belig een of meer aspek van geloof

In Hebr 11:5-6 vind ons die verhaal van Henog. Geloof, so leer ons by Henog, neem as positiewe vertrekpunt: God bestaan. Hy is die onsigbare Werklikheid waarvan ons dood seker kan wees (Hebr 11:1). In die Bybel word baie min van Henog gesê. Die Hebreërskrywer lees en haal Gen 5:21, 24 uit die Griekse vertaling van die Ou Testament (=Septuagint) aan. Die enigste ander verwysing na Henog is die brief van Judas vs 14 waar die woorde: "(Henog) wat van die sewende geslag na Adam was".... uit 'n Apokriewe bron aangehaal word. Die Hebreuse teks van Gen 5:21, 24 sê dat Henog "**met God gewandel het**" (1953-vertaling). In die 1983 vertaling word gesê dat Henog "**naby God geleef het**". Die bedoeling is duidelik; Henog het in 'n intiem persoonlike verhouding met God geleef. Die Septuagint het die "wandel met God" vertaal met Henog het **God behaag** (1953-vertaling). Die 1983-vertaling sê Henog het **geleef soos God dit wou** hê." Waarom dié verskil? Dit is duidelik dat die Hebreuse teks (=Gen 5: 21,24) Henog se leefwyse uit die mens. Henog perspektief vertel terwyl die Septuagint Henog se lewe uit God se perspektief beskryf. Met ander woorde: God was tevrede met die feit dat Henog naby God geleef met God gewandel het. Dié vertaling fokus dus op God se beoordeling van Henog se lewenswandel. In God se oë was dit goed.

Met die uitklaring van die vertalingsverskil tussen Gen 5:21, 24 en Hebr 11:5-6 fokus ons nou op wat die Hebreërskrywer vir ons as gehoor oor geloof wil leer. Daar is drie woorde wat met die lees van dié kortverhaal opval: "getuig" (vs 5), "doen" (vs 6) en "soek" (vs 6) Kom ons kyk kortliks daarna.

1. Ses woorde som Henog se lewe op "**hy't geleef soos God dit wou**". Dit is die **getuienis** van dié mense wat hom geken het en wat aan ons oorgelewer is. Wat 'n komplement! Vir Henog, was sy geloofsluwe nie 'n privaat saak nie. Almal het geweet dat God die nommer een plek in sy lewe ingeneem het. Dit is in die elke dag se saamstap met God dat Henog God se wil ontdek het. Hy't toe nog nie 'n Bybel

gehad nie. Maar dit was nie 'n probleem nie, want God het, so sê Hebr 1:1, "baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat" Henog en God het om dit so te sê as "stap-maats" 'n oop gesprek gehad. God het sy hart (=sy wil/plan) met Henog gedeel. In die lig daarvan het Henog gehandel. Dié "binnekamer"-gesprekke tussen Henog en God is persoonlik en privaat, maar die uitlewering daarvan is publiek. Mense sien jou, hoor jou en beleef jou. En van Henog word getuig dat hy geleef het soos God wou!

2. In vs 6 lees ons "as 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te **doen wat God wil**. Geloof is meer as net luister en weet. Jy kan ure in God se teenwoordigheid vertoef, jou verlustig in alles wat God op die hart het en in die proses baie kennis opdoen maar as dit nie tot daad oorgaan nie baat dit alles niks. Jakobus sê dat so 'n daadlose geloof dooie geloof is (Jak 2:17). Henog was 'n doener. Dade praat harder as woorde. Daarom het Henog se getuig-skrif as opskrif gehad: "**geleef**...soos God dit wou". Omdat God sy Stapmaat was, het Henog geweet hoe om met sy medemens om te gaan. Kernagtig som Miga dit op: "mens die Here het jou bekend gemaak wat goed is: Hy vra van jou dat jy **reg sal laat geskied**, dat jy **liefde en trou sal bewys**, dat jy **bedagsaam sal lewe voor jou God**" (6:8) Johannes, die Doper het gesê: "dra vrugte wat bewys dat julle bekeer is" (Matt 3:8) Jesus het gesê: "nie elkeen wat vir my sê: Here, Here, sal in die Koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net **hy wat die wil doen van my Vader** wat in die hemel is" (Matt 7:21 (vgl ook Matt 22:36-40, 25: 31-46 ens)....
3. In vs 6 lees ons verder: "dat Hy (=God) **die wat Hom soek beloon**. Matt 7:7 se "soek en jy sal vind...." Henog het God daagliks opgesoek en Hom gevind. God kruip nie weg nie. Sy begeerte is immers om op daaglikse basis in gemeenskap te tree met die mens. Henog het God opgesoek soos die wildsbok van Ps 42:2 water gesoek het: "soos 'n wildsbok **smag** na water strome, so smag ek na U, o God...." Henog het God nie soos wat óns dikwels doen, opgesoek nie. Ons soek iets van God: Sy hand om vir ons iets te gee, Sy oor om iets by ons te hoor, Sy mond om iets vir ons te sê, Nee Henog het God t.w.v God self opgesoek en elke keer verassend God se hand, oor en mond op die koop toe bygekry. Dit is ook wat Jesus bedoel toe Hy gesê het: "soek eers die Koninkryk van God en die wil van God en al die ander dinge (=dit wat ons nodig het) sal vir jou bygevoeg word" (Matt 6:34). Waar vind jy God? Jy vind Hom wanneer jy Sy Woord lees. Jy vind Hom in die samekoms van die gelowiges. Jy vind Hom by dié wat honger/naak is, by die uitgeworpenes en ook in die natuur. God laat Hom vind wanneer jy die geloofsgewoonte en dissipline van afsondering en stiltetyd inoefen en toepas. Alles begin by 'n innerlike dors en smag na God wat die Heilige Gees in jou wek. Dié brandende dors na God het daartoe gelei dat Henog God voortdurend opgesoek en met Hom gewandel het. Dit het nie net God se goedkeuring weggedra nie, maar ook die oog van sy medemens vang. So word Henog tot vandag onthou Die onsigbare God het hy sigbaar geleef. Dit is geloof.

AMEN